Noordelike Sinode

TAAKSPAN LERAARONTWIKKELING
Verslag

1. Opdrag

Om die huidige program te hersien met die oog op die verdere aanbieding van werkswinkels.

2. Taakspanlede

Die volgende persone was op die een of ander stadium deel van die taakspan:

- Bennie Powell
- Christoph Muller
- Dawie Rotteveel
- Derick du Toit
- Dewald Roux
- Hannes Bezuidenhout
- Jana de Lange
- Lizl-Louise Schoeman
- Paul Grobler (ampshalwe)
- Paullet Grobler
- Rehan Rheeder
- Roelf Opperman (Taakspanleier)
- Simon van den Heever

3. Uitvoering van die opdrag

Die taakspan het die huidige leraarontwikkelingskursus herontwerp.

Die hoofdoel van die nuwe kursus is om predikante se selfbewussyn en selfverstaan te verhoog oor hul eie vaardighede as predikante. Die kursus sal ook predikante help om bewus te word van die vaardighede wat hulle verder moet ontgin.

Die kursus is nou spesifiek vir predikante in NG gemeentes in die Noordelike Sinode ontwikkel. Dit is ’n geleentheid om groter helderheid te ontwikkel in:

- Insig in hul eie vaardigheid as predikante en moontlike ontginningsareas.
- Transformasie leierskapvaardighede.
- Hul eie roeping en visie vir die gemeentebediening.

Na deeglike oorweging het die taakspan besluit om die volgende vyf metavaardighede as basis te gebruik waarteen predikante hulleself kan meet in hulle bediening:

- Spiritualiteit
- “Sensemaking”
- Visie
- Verhoudinge en
- Implementering.

Hierdie vyf vaardighede is nagevors in ’n Delphi-ondersoek en beskryf in doktorale navorsing deur Dr. Leon Venter wat in 2021 by Nijmegen Universiteit gepubliseer is. Vyf-en-twintig NG kerk teologiedosente en kerkleiers het sterk konsensus bereik oor die vyf vaardighede en hul definisies.

Die taakspan het dan ook vir Dr. Leon Venter genooi om ‘n paar keer saam met ons taakspan te vergader om die meetinstrument te ontwikkel.

Na die model ontwikkel is, het ons drie predikante as “proefkonyne” genooi om hulleself aan die proses te kom blootstel waarna ons weer aanpassings aan die inhoud van die meetinstrument gedoen het. Die predikante was:

- Dawie Rotteveel
- Francois Esterhuizen
- Louis Pretorius

In die proses is hulle ook opgelei om in die toekoms as waarnemers/fasiliteerders/begeleiers te kan optree.

4. Aanbevelings

Die SDR besluit:

- Om weer ‘n taakspan saam te stel met die opdrag: Om die nuut ontwikkelde program tydens 3 werkswinkels per jaar aan te bied en soveel as moontlik predikante aan die program bloot te stel.
- Om die naam van die taakspan te verander na die Taakspan Leraarontginning.
- Om vir Bennie Powell en Paullet Grobler te versoek om gesamentlik as taakspanleiers op te tree.

5. Slotwoord

Goed toegeruste predikante bly die kerk se belangrikste ‘bate’. Die sinode sal goed doen om steeds in die toerusting en groei van haar predikante te belê.